The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

BURGER 2011/06/09 Page: 7

AVE: R 7774.43

NUWE LIGGAAM GESTIG

Skoolhoof-inisiatief 'is uit nood gebore'

MARELIZE POTGIETER
Kaapstad

Skoolhoofde wat aan die vakbond Sadou behoort, het gister gehoor hulle is nie vir die hemel bestem nie.

"Die Here seën jou, maar jy gaan nie hemel toe nie," het prof. Brian O'Connell, rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK), gesê.

'n Skool kan net verander as 'n hoof eienaarskap daarvan neem en nie deur 'n vakbond of die onderwysdepartement "gevange" gehou word nie.

"Dit is fataal as 'n skoolhoof nie toegelaat word om sy eie besluite te neem nie," het hy by die bekendstelling van die inisiatief Community of Learning Principals (COLP) gesê.

Dié liggaam is uit nood vir die ondersteuning van skoolhoofde deur die fakulteit ekonomie en bestuurswetenskappe aan die UWK, Symphonia South Africa en die South Africans Principals Association (SAPA) gestig.

Prof. Brian O'Connell en prof. Chris Tapscotte gesels by die bekendstelling van Community of Learning Principals. Skoolhoofde, sakelui, akademici en gemeenskapsleiers het hier gehoor hoe belangrik dit is dat die gemeenskap eienaarskap van skole neem. Foto: LEÁNNE STANDER

Gister het sowat 100 skoolhoofde, sakelui, akademici en gemeenskapsleiers 'n geleentheid gekry om goeie praktyke én probleme in die skoolkonteks met mekaar te deel.

O'Connell het skoolhoofde gevra om die wanbestuur van onderwys te probeer stuit, want slegs dan sal 'n diskoers bewerkstellig kan word.

Hy het ook verwys na eerstejaarstudente wat aan die UWK begin studeer en glad nie daarvoor voorberei is nie. So verloor hulle talle studente.